Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Welkom by **Voetspoortjies**:

By Voetspoortjies glo ons dat elke kind spesiaal is en verdien om in 'n veilige, liefdevolle en gelukkige omgewing groot te word. Ons toegewyde personeel het 'n opregte liefde vir kinders en geniet dit om deel van elke kind se groei- en ontwikkelingsreis te wees.

Ons bied 'n omgewing waar kinders met selfvertroue kan ontdek, speel, leer en groei. Ons daaglikse program is gegrond op Christelike waardes en fokus daarop om goeie karakter, respek, omgee en dankbaarheid by kinders te ontwikkel.

Ons glo dat 'n goeie roetine, liefdevolle leiding en ouderdomsgepaste aktiwiteite die beste grondslag vir ontwikkeling skep. Daarom ondersteun ons elke kind om op sy of haar eie tempo te ontwikkel – fisies, emosioneel, sosiaal, kognitief en geestelik – sodat hulle met selfvertroue die volgende fase van hul skoolloopbaan kan aanpak.

Voetspoortjies is 'n klein voorskool waar elke kind deel van ons familie is. Omdat ons kleiner groepe het, kan ons elke kind goed leer ken en die individuele aandag, sorg en ondersteuning gee wat hulle nodig het. Ons verwelkom kinders vanaf 3 maande tot 5 jaar.

Ons glo dat gesonde eetgewoontes 'n belangrike rol speel in elke kind se groei en ontwikkeling. Daarom voorsien ons elke dag 'n voedsame ontbyt en ons voorsien koeldrank, sap of rooibostee. Ouers is self verantwoordelik vir ‘n **mamma kosblik** (middagete) en twee gesonde peuselhappies per dag vir hul kind.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

MISSIE, VISIE EN WAARDES

🌸 Missie

By Voetspoortjies Kleuterskool streef ons daarna om 'n veilige, liefdevolle en stimulerende Christelike omgewing te skep waar elke kind die geleentheid kry om op sy of haar eie tempo te groei, te leer, te ontdek en te ontwikkel deur speel. Ons bevorder holistiese ontwikkeling deur spelgebaseerde leer, positiewe waardes en individuele aandag, sodat elke kind met selfvertroue die volgende tree in hul lewensreis kan neem.

"Saam groei ons tree vir tree." 👣

🌈 Visie

Ons visie is om 'n kleuterskool van uitnemendheid te wees waar kinders gelukkig leer, veilig voel en hul volle potensiaal bereik. Ons wil 'n sterk grondslag lê vir lewenslange leer deur liefde, respek, kreatiwiteit en selfvertroue te kweek.

Ons droom is dat elke kind wat deur Voetspoortjies stap, die wêreld met nuuskierigheid, moed en 'n liefde vir leer sal tegemoetgaan.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

MISSIE, VISIE EN WAARDES

💙 Ons Waardes

- 👣 Liefde en omgee
- 👣 Veiligheid en geborgenheid
- 👣 Christelike waardes
- 👣 Respek vir elke kind
- 👣 Positiewe ontwikkeling
- 👣 Uitnemendheid in sorg en opvoeding
- 👣 Eerlikheid en integriteit
- 👣 Samewerking met ouers

Ons Motto

"Saam groei ons tree vir tree" 👣💙💗

Ons stap saam met elke kind op hul eie unieke ontwikkelingsreis. Met liefde, geduld en aanmoediging help ons kelin voetjies 🌸✨

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

SKOOLLIEDJIE

Voetspoortjies, Voetspoortjies,

Ons stap saam elke dag.

Ons leer en speel en lag.

God se liefde maak ons vry.

Voetspoortjies, klein maar sterk,

Ons groei saam in God se werk.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

ONS BELOFTE

By **Voetspoortjies**:

Is ons verbind daartoe om elke kind met liefde, respek en sorg te behandel in ‘n omgewing waar hulle veilig kan speel, leer en groei.

Om elke kind se unieke persoonlikheid, talente en potensiaal te koester.

Algemene Beleid:

- **Die veiligheid , geluk en ontwikkeling van elke kind bly ons hoogste prioriteit.**
- **Voetspoortjies behou die reg voor om beleide en prosedures van tyd tot tyd te wysig indien nodig.**
- **Registrasie by die skool impliseer aanvaarding van hierdie reëls en beleide.**

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

TAAL, KLASINDELING

EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Onderrigtaal

Onderrig vind hoofsaaklik in Afrikaans plaas dit wil sê dat alle assesserings- en vorderingsverslae in Afrikaans voorberei sal word.

Vorderingsverslae

3 – 12 maande: Kwartaalverslae (daaglikse vordering word ook in die kommunikasieboek aangeteken).

1– 5 jaar: Kwartaalverslae (daaglikse vordering word ook in die kommunikasieboek aangeteken).

Klasindeling

Ons het Januarie 2026 vir die eerste keer ons deure oop gemaak. Daar is huidiglik nog geen klasindelings nie, want ons is nog ‘n klein groepie kindertjies (minder as 6), sodra ons groei sal daar meer klasse beskikbaar gestel word.

Ons Klasindelings in die toekoms sal soos volg wees:

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

ONS KLASSE & TEMAS

0 – 1 jaar
Beertjieklas



Klein drukkies,
groot liefde.

1 – 2 jaar
Bambieklas




Waar nuuskierigheid
begin blom.

2 – 3 jaar
Dinosaurusklas



Groot ontdekkings
vir klein avonturiers.

3 – 4 jaar
Kameelperdjieklas



Ons reik elke dag
'n bietjie hoër.

4 – 5 jaar
Leeutjieklas



Dapper, selfversekerd
en gereed vir Graad R!

KLAS KLEURE

- Beertjieklas
- Bambieklas
- Dinosaurusklas
- Kameelperdjieklas
- Leeutjieklas

U kindjie se ontwikkelingsmylpale sal aandui wanneer 'n kind gereed is om na die volgende klas te skuif.

ONS GELUKBRINGERS

Elke klas het 'n gelukbringer
wat ons help om te leer,
groei en speel met liefde!

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Kurrikulum

Program vir 3 maande tot 2jaar:

Ons streef daarna om 'n omgewing te skep wat veilig is, nog kind kan wees en leer terwyl hulle speel, ryk is aan stimulasie, liefdevolle aandag ontvang en ‘n gesonde leeromgewing skep waar ons kindertjies hulself kan vind en op hulle pas kan ontwikkel.

Ontwikkeling behels die aanleer en bemeestering van vaardighede soos sit, loop, praat, spring en uiteindelik om hul eie skoenveters vas te maak. Hierdie vaardighede, bekend as ontwikkelingsmylpale, word gewoonlik binne voorspelbare ouderdomsfases bereik.

Fynmotoriese ontwikkeling – Die gebruik van klein spiertjies, meestal in die hande en vingers.

Grootmotoriese ontwikkeling – Die gebruik van groter spiere en leer deur jou volle liggaam te gebruik.

Kognitiewe ontwikkeling – Die vermoë om te leer en probleme te kan op los.

Sosiale en emosionele ontwikkeling – Die vermoë om met ander te kommunikeer, konflik te kan hanteer en selfbeheersing toe te pas.

Spraak- en taalontwikkeling – Die vermoë om te kan praat en te verstaan wat daar met jou gekomunikeer word.

Ons daaglikse en weeklikse stimuleringsaktiwiteite is daarop gemik om hierdie ontwikkelingsmylpale van elke kind te bereik. Daar sal ook elke kwartaal ‘n vorderingsverslag aan al die leerders se ouers gegee word. Rapporte word Junie en November uitgedeel.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Program vir 3 tot 5jaar:

By Voetspoortjies glo ons dat elke kind die geleentheid moet kry om deur spel, ontdekking en praktiese ervaring te leer. Ons fokus daarop om kinders se selfvertroue, onafhanklikheid en basiese vaardighede te ontwikkel in 'n veilige, liefdevolle en stimulerende omgewing. Daaglikse aktiwiteite word op 'n prettige manier aangebied, omdat ons glo dat kinders die beste leer wanneer hulle gelukkig en betrokke is. Ons skep geleenthede vir kinders om nie net akademies te groei nie, maar ook om sterk waardes, respek, vriendelikheid en omgee vir ander te ontwikkel. Christelike beginsels vorm deel van ons daaglikse benadering en help om 'n positiewe grondslag vir die toekoms te lê.

Ons benadering tot skoolgereedheid is ouderdomsgepas. Kinders word deur die jaar blootgestel aan voorbereidende aktiwiteite wat hulle help om belangrike grondslagvaardighede vir taal, wiskunde en probleemoplossing te ontwikkel. Ons glo nie daarin om kinders te forseer om te leer nie, maar eerder om 'n liefde vir leer te kweek. Deur stories, gesprekke en speletjies bevorder leer, ontwikkeling, ontdekking van nuwe konsepte en sosiale verhoudings.

Kreatiwiteit word aangemoedig deur kuns-, musiek- en ander praktiese aktiwiteite. Ons waardeer elke kind se unieke idees en hoe hulle hulself uitdruk. Daarom fokus ons meer op deelname, ontdekking en die ontwikkelingsproses as op 'n perfekte eindproduk.

Ons programme en aktiwiteite word doelbewus beplan om fyn- en grootmotoriese ontwikkeling te ondersteun. Deur gereelde oefening en herhaling kry kinders die geleentheid om nuwe vaardighede te ontwikkel en met selfvertroue te bemeester. Ons volg ‘n aangepaste CAPS kurrikulum.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Moontlike Interne uitstappies

Januarie tot Maart
Bak en brou saam temas

Valentynsdag
Waterdag
Atletiekdag
Pizzadag
Tandemuisdag

Boekkarakterdag
Vorm en kleuredrag
Nommerdag

April tot Junie
Bak en brou saam temas

Troeteldieredag
Dounutdag
Oseanedag
Aardedag
Vadersdag

Moedersdag
Byedag
Gesondheidsdag
Paasfees

Julie tot September
Bak en brou saam temas

Nooddienste
Insekte
Pannekoekdag
Erfenisdag
Funcky hoeddag

Oupa- en Oumadag
Sjokoladedag
Lengtedag
Toerismedag
Sport

Oktober tot Desember
Bak en brou saam temas

Disneydag
Kolwyntjiedag
Kersfees

Skoolkonsert
Bokskardag

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Eksterne uitstappies en aktiwiteite

Word nie ingesluit by die skoolfonds nie en verskil jaarliks. Is nie verpligtend nie. Reëlings sal deurgegee word.

Bird en Monkey Park	Party Venues	We Jump
Poppekasdag	Play Ball	Ysskaats
Reptiele	Farmhouse	Fotodag

Finansiële inligting

Skoolfooie

Betaalbaar vir die tydperk van 12 maande per jaar.

Fooie is **maandeliks vooruit betaalbaar** en **moet voor of op die 3de** van elke maand betaal word.

Ons bied 10% afslag op u derde (3de) kind se skoolfooie.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Finansiële inligting

Babas:
3maande tot 12 Maande

Voldag: Maandae tot Vrydae (06:30 – 17:30)
R3 500 per maand.
Leerders moet reeds by die skool wees teen 08:00.

Halfdag: Maandae tot Vrydae (06:30 – 13:00)
R3 300 per maand.
Leerders moet reeds by die skool wees teen 08:00.

Dagfooi: R200 per dag

Jaarlikse betaling (Voldag): R37 800 (10% afslag)
Jaarlikse Betaling (Halfdag): R35 640 (10% afslag)

Let wel:
'n Boete sal gehef word indien 'n kind na die vasgestelde afhaaltyd afgehaal word.

Kleuters:
1 Jaar tot 5 Jaar

Voldag: Maandae tot Vrydae (06:30 – 17:30)
R2500
Leerders moet reeds by die skool wees teen 08:00.

Halfdag: Maandae tot Vrydae (06:30 – 13:00)
R2300
Leerders moet reeds by die skool wees teen 08:00.

Dagfooi: R200 per dag

Jaarlikse betaling (Voldag): R27 000 (10% afslag)
Jaarlikse Betaling (Halfdag): R24 840 (10% afslag)

Let wel:
'n Boete sal gehef word indien 'n kind na die vasgestelde afhaaltyd afgehaal word.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Finansiële inligting

Skoolfooie sluit in:

- Gesonde ontbyt
- Koeldrank, Sap of Rooibostee
- **Ouers voorsien 'n mamma kosblik** wat 'n middagete insluit en twee gesonde peuselhappies per dag (Voorstelle - Oggend: Jogard of 'n vruggie en Middag: broodjie, chippie ens.)

Belangrike kennisgewing:

- Skoolfooie word oor 12 maande betaal.
- Fooie is maandeliks vooruit betaalbaar en moet voor of op die **3de van elke maand betaal word**.
- Skoolfooie word jaarliks hersien en nuwe tariewe tree op **1 Oktober** in werking.
- Ouers sal **twee tot drie maande vooraf** skriftelik van enige fooiverhoging in kennis gestel word.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Finansiële inligting

Registrasiefooi:

- ‘n Registrasiefooi van R 300 is betaalbaar met inskrywing, slegs vir nuwe leerders.
- Deposito is betaalbaar gelykstaande aan u maandelikse paaiement eenmalig, slegs vir nuwe leerders, betaalbaar oor 4 maande vanaf u kindjie ingeskryf het. Die deposito is betaalbaar teen die einde van April indien u kindjie Januarie by ons begin het, u kan dit maandeliks afbetaal.
- Daarna is die registrasiefooi R100 vir bestaande leerders, elke begin van ‘n nuwe siklus. Dis om seker te maak dokumentasie en vorms en besonderhede bly op datum.
- **Registrasiefooi en reeds betaalde skoolfooie is nie terugbetaalbaar, indien ‘n inskrywing gekanseleer word nie.**

Kennisgewing by onttrekking van ‘n kind:

- Vir die onttrekkings tussen **1 Januarie en 30 September** is **een (1) kalendermaand se skriftelike kennis** nodig.
- Vir onttrekking **na 1 Oktober is drie (3) kalendermaande se skriftelike kennis nodig.**
  (Vir ontrekking aan die einde van die skooljaar is **1 Oktober** die laaste dag waarop kennis gegee kan word)
- Skoolfooie vir die kennisgewingstydperk bly ten volle betaalbaar.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Finansiële inligting

Wanbetaling:

- Indien skoolfooie nie betyds betaal word nie, kan boetes, invorderingskostes en/of regskostes by die uitstaande bedrag gevoeg word.Voetspoortjies behou die reg om toelating te weier of ‘n kind nie toe te laat om die skool by te woon nie, indien skoolfooie nie **teen die 3de van die maand betaal is nie.**
- Indien u sou versuim om een maand se skoolfooie nie te betaal nie, sal u deposito gebruik word om u skoolfooie vir daardie betrokke maand te dek.
- Indien u die twee maande steeds sou versuim om skoolfooie nie te betaal nie, kan u kind ongelukkig nie meer ‘n Voetspoortjie leerling wees nie.

Terugbetaling van jaarlikse vooruitbetaling:

Indien 'n jaarlikse vooruitbetaling terugbetaal moet word, verval die 10% afslag. Die maande waartydens die kind die skool bygewoon het, sal teen die normale maandelikse tarief bereken word, waarna die balans, indien van toepassing, terugbetaal sal word.

Ekstra

- **Bak en brou** is **R200** per kwartaal.
- Skoolkonsertfooie van 2027 is **R500**. Hierdie fooi is betaalbaar vanaf **Januarie 2027** tot **einde September 2027.**
  (Die bedrag sluit alles in wat nodig is vir u kind se deelname tydens die konsert, plus twee gratis kaartjies per kind).

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Algemene Inligting

Dokumente benodig vir die inskrywing:

Die volgende dokumente moet saam met die inskrywingsvorm ingedien word:

- Volledige ingevulde en getekende aansoekvorm.
- Ondertekende prospektus, vrywarings en toestemmingsvorm en beleidsvorm.
- Afskrifte van beide ouers/voogde se identiteitsdokumente.
- Afskrif van die kind se geboortesertifikaat.
- Afskrif van die mediesefondskaart (indien u 'n mediese fonds het).
- Toestemmingsvorm vir foto's en plasing op facebook/sosiale media.
- Afskrif van u kind se immuniseringskaart (inentingrekord).

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Algemene Inligting

Sluiting tydens openbare vakansiedae en Desembermaande

- Voetspoortjies sal op alle Suid-Afrikaanse openbare vakansiedae, spesiale skoolvakansiedae, naweke en op Hemelvaartdag gesluit wees.
- Voetspoortjies sluit vir plus minus drie weke gedurende Desember/Januarie. Die presiese datums sal betyds aan ouers gekommunikeer word.
- Gewone skoolfooie bly gedurende Desember betaalbaar.
- Geen afslag word gegee tydens u kindjie se afwesigheid weens siekte, vakansiedae of wanneer die skool sluit vir vakansie nie. Ouers/voogde bly aanspreeklik vir die volle bedrag.

Gesondheidsbeleid

Om die verspreiding van aansteeklike siektes te help voorkom, versoek ons ouers om nie hul kind skool toe te stuur indien hulle enige van die simptome of toestande toon wat in ons beleid uiteengesit word nie.

Voetspoortjies behou die reg voor om toegang te weier aan enige kind wat ongesteld voorkom of aansteeklike simptome toon. Indien 'n kind gedurende die skooldag siek word, sal die ouers of voogde onmiddellik in kennis gestel word.

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Gesondheidsbeleid

Ek kan nie skool toe kom indien ek die volgende simptome toon nie:

- Ek het ‘n koors van 38˚C en hoër.
  Mag eers weer skool toe kom, met Dr. se toestemming.

- Ek vormeer twee keer of meer in 24 uur.
  Mag skool toe kom indien ek twee om meer maaltye kan inneem sonder om weer te vormeer.

- Erge loopneus en ‘n slegte hoes of lyfseer.
  Mag eers weer skool toe kom, met Dr. se toestemming.

- My kopvel jeuk en ek het luise of luiseiers (nete).
  Ek mag weer skool toe kom, indien my kopvel luis en nete vry is.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Gesondheidsbeleid.

- Ek het ‘n ooginfeksie, jeukerig of afskeiding.
  Mag eers weer skool toe kom, met Dr. se toestemming

- Ek het ‘n seer keel en geswelde kliere.
  Ek mag eers weer skool toe kom indien my kliere nie meer geswel is nie.

- Ek het ‘n veluitslag..
  Mag eers weer skool toe kom indien die veluitslag nie meer jeuk nie.

- Ek is ongewoon moeg, bleek en het geen eetlus.
  Mag eers weer skool toe kom, met Dr. se toestemming

- Ek diaree het en my magie twee of meer keer gespoel het in 24 uur.
  Mag eers weer skool toe kom, met Dr. se toestemming

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Algemene Inligting

Veiligheid

Ouers moet hulle kindertjies self by Voetspoortjies versorg en oorhandig aan die personeellid aandiens. Geen kindjie mag van die hek af loop tot by die skool nie. U kindjie moet op die laaste 08:00 by Voetspoortjies wees. Ons eet pap van 07:30 tot 08:15 en begin stiptelik 08:30. Indien iemand anders as die ouer of voog 'n kind kom afhaal, moet die onderwyser vooraf daarvan in kennis gestel word.

Geen kleuter sal aan ouers/voogde gegee word, indien die ouer onder die invloed van drank of dwelms is nie. Die persoon wat die kind kom afhaal, sal gevra word om die afhaalregister te teken en 'n geldige identiteitsdokument te toon voordat die kind aan hom of haar oorhandig sal word. Geen kind mag die skoolterrein sonder die begeleiding van 'n ouer of gemagtigde persoon verlaat nie.

Indien u kindjie deur iemand anders afgehaal word, moet ons deur WhatsApp of per e-pos daarvan inkennis gestel word. ‘n Bewys van die persoon se ID dokumente word verlang, indien u nie alreeds ‘n afskrif aan Voetspoortjies voorsien het nie.

Indien ‘n ouer/ voog, om watter rede ookal, toesig oor die kleuter verloor, is dit die verantwoordelike ouer met wettige toesig se verantwoordelikheid om die nodige dokumentasie en wetlike hofbevele aan ons te verskaf. Voetspoortjies sal nie verantwoordelik gehou word, indien ons u kleuter verkeerdelik onwetend aan ‘n ouer/ voog besorg het nie. Maak asb seker dat ons die dokumentasie ontvang en kommunikeer voortduurend met ons.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Algemene Inligting

Aanspreeklikheid en vrywaring

Die veiligheid en welstand van elke kind is vir Voetspoortjies van die grootste belang en ons sal u onmiddelik kontak indien ‘n kleuter beseer is. Ons sal ook dadelik u as ouer/voog in kennis stel en die nooddienste indien nodig kontak. Ons versoek dat ouers hul kind elke oggend persoonlik by die personeellid aan diens te versorg.

Voetspoortjies se personeel en eienaar kan egter nie aanspreeklik gehou word vir:-

Enige besering wat 'n kind tydens sy of haar teenwoordigheid by Voetspoortjies mag opdoen. Indien daar ‘n insident by die skool plaasgevind het waarby een van ons kindertjies betrokke is, mag geen ouer ander ouers kontak en die kindjie bespreek nie. Alle situasies word proffessioneel hanteer. Ouers mag ook nie daarop aandring dat ander betrokke ouers mediese kostes dra as gevolg van die betrokke insident nie.

Verlies of beskadiging van persoonlike besittings.

Kinders wat vervoer word na of vanaf buitemuurse aktiwiteite of uitstappies, dokters ens. ongeag wie die vervoer voorsien.

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Algemene Inligting

Kontrolelys van items wat u asseblief elke moet inpak.

Beertjieklas en Bambieklas: (3 Maande tot 2jaar) – *Skryfbehoefte lysie sal voorsien word.* ***(ASB MERK ALLES DUIDELIK!)***

- 💛 Weggooibare doeke, wat nodig is vir elke dag of week.
- 💗 Boudroompie en Boudbrandsalfie.
- 💛 Wet wipes (soos nodig)
- 💗 Twee stelletjies skoon klere, borslappies, kousies, vessies ens.
- 💛 Plastiese sakkie vir vuil klere.
- 💗 Hoedjie.
- 💛 Sonroom.
- 💗 Twee skoon spoegdoekies en “dummy”.
- 💛 Boks tissues (maandeliks)
- 💛 Kussing, laken, kot kombersie ens. Beddegoed word elke Vrydag huistoe gestuur om gewas te word.
- 💗 Kossies & Bottels indien u kind nog net melk drink.
- 💛 Dagboekie A5
- 💗 Waslappie
- 💛 Die hoeveelheid bottels wat nodig is vir elke dag, gevul met gestereliseerde water.
- 💗 Borsmelk of formule melk, klaar reg afgemeet en gestoor in gepaste houers.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Algemene Inligting.

Kontrolelys van items wat u asseblief elke moet inpak.

Dinosaurusklas: (2 tot 3jaar) – *Skryfbehoefte lysie sal voorsien word.* ***(ASB MERK ALLES DUIDELIK!)***

- Weggooibaar "pull-up" doeke, wat nodig is vir eleke dag of week.
- Boudroompie en Boudbransalfie (Maandeliks).
- Boks tissues (Maandeliks)
- Wet wipes (Maandeliks)
- Twee stelletjies skoon klere, borslappies, kousies, vessies ens.
- Plastiese sakkie vir vuil klere.
- Hoedjie.
- Sonroom.
- Twee skoon spoegdoekies en "dummy"
- Die hoeveelheid bottels wat nodig is vir elke dag, gevul met gestereliseerde water.
- Bottel met 'n strooitjie of 'n sippy cup vir koeldrank/ water/ rooibostee.
- Borsmelk of formule melk, klaar reg afgemeet en gestoor in gepaste houers.
- Kussing, laken, kot kombersie ens. Beddegoed word elke Vrydag huistoe gestuur om gewas te word.
- Kossies
- Dagboekie A5.
- Waslappie

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Algemene Inligting.

Kontrolelys van items wat u asseblief elke moet inpak.

Kameelperdjieklas en Leeutjieklas: (3 tot 5jaar) – *Skryfbehoefte lysie sal voorsien word.* ***(ASB MERK ALLES DUIDELIK!)***

- Boks tissues (Maandeliks)
- Wet wipes (Maandeliks)
- Bottel vir koeldrank/ water/ rooibostee.
- Die hoeveelheid bottels wat nodig is vir elke dag, gevul met gestereliseerde water.
- Twee stelletjies skoon klere, borslappies, kousies, vessies ens.
- Sonroom.
- Waslappie
- Een sak of tas
- Kossies.
- Dagboekie A5.
- Twee skoon spoegdoekies en "dummy"
- Kussing, laken, kot kombersie ens. Beddegoed word elke Vrydag huistoe gestuur om gewas te word.
- Hoedjie, asseblief was die hoedjie elke dag en spry die hoedjie met luis-afweermiddel en los die hoedjie in die som om droog te word.
- Plastiese sakkie vir vuil klere.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Bytbeleid

Dit maak nie saak hoe hard mens probeer en hoe proaktief mens kan wees nie, daar is steeds ‘n goeie kans dat daar ‘n geval van byt sal opduik. Dis belangrik om te probeer vasstel waarom u kind byt, sodat mens ‘n oplossing kan implementeer.

Moontlike redes vir byt:

Nuuskierigheid	Magteloosheid	Aandag	Tande
Speel ‘n byt speletjie en help daardeur jou kindjie verstaan wat die verskil is tussen voorwerpe wat mens kan en mag byt en nie mag byt nie.	Wanneer kindertjies partykeer oorweldig in groepe of vreemde areas voel, dan probeer hulle beheer uitoefen deur te byt.	Negatiewe aandag is ook partykeer aandag. Dit kan wees as gevolg van jaloesie of om in die groep raakgesien te kan word.	Wanneer ‘n kindjie tande kry kan dit verskriklik juk. Verskaf baie speelgoed en tanderinge vir jou kindjie, harde kossies soos beskuit en langwerpige biltongstokkie kan ook help.

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Luisbeleid

Luise is nie ‘n teken van armoede of swak higiëne nie. Mens kan die skoonste gesin wees, dit waarborg nie ‘n geen luis situasie nie. ‘n Mens kan vier tot ses weke lank reeds luise hê voordat jy dit agterkom.

Kopluise kan nie siektes verprei nie, maar dit kan buitebeheer raak indien dit nie reg behandel word nie. Luise lewe nie op troeteldiere nie en leef op jou kop in jou hare naby aan die kopvel en aan die agterkant van jou nek, agter jou ore.

Luiseiers kan nie sommer met die hand ten volle verwyder word nie, en daarom moet jy ‘n fyn luiskammetjie gaan koop. Gaan besoek jou naaste apteek en kry die nodige haarmiddels om die luise dood te maak en die luiseiers (nete) te verwyder. Was die beddegoed ook gereeld tot die luise almal dood is.

Voetspoortjies

~ Saam groei ons tree vir tree ~

Kleredrag:

Hier by Voetspoortjies gaan u kleiding baie vuil word.

Pak asb klere in waarvoor u nie jammer is nie. Ons kindertjies leer terwyl hulle ontdek en speel.

Die klere wat u vir hulle aantrek en inpak moet klere wees wat mag vuil word.

Ons verf, speel met klei, bak en brou, speel in modder, ry fietsies in die stof en klim en klouter heeldag.

Op Vrydae trek ons die Voetspoortjie – hempie aan en wanneer ons op uitstappies gaan of met fotodag dra ons hierdie hempies.

U bestel die hempie deur die verskaffer (bestellingsvorm sal vir u gestuur word), bestelling is finaal nadat u die verskaffer betaal het en die bewys van betaling vir Voetspoortjies gemail het.

Email adress: voetspoortjies34@gmail.com

377 7th Road
Kempton Bredell

Carna
076 772 7089

Liefdevolle sorg.
Elke kind. Elke dag.

Voetspoortjies

voetspoortjies_